Tuli

NUUSBRIEF FEBRUARIE 2011 FEBRUARY NEWSLETTER

2010 was goed vir die Tulis

Ons het vir die eerste keer meer as 6500 geregistreerde diere in ons kuddes en daar is tans 57 lede in die Tulitelers Genootskap.

Laat ons hoop dat ons by die Jaarvergadering op Dinsdag 29 Maart in Bloemfontein stoele gaan moet indra vir al die lede wat vir die eerste keer Vergadering toe kom of lanklaas die lang pad Bloemfontein toe aangepak het. Dit is 'n uitstekende geleentheid vir nuwe lede om te kom kennis maak en vir ou lede om vriendskappe te hernu. Dit sou sin maak as mense wat naby mekaar woon of uit dieselfde deel van die land kom miskien vooraf kan reël om saam te ry en so kostes te verminder.

Ons wens die volgende nuwe lede hartlik welkom
We wish the following new members a warm welcome

Eksteen Boerdery van Malmesbury – dis goed om weer lede uit die Wes-Kaap te hê!

Glen Heath Tulis – die Jongeheer Gilfillan – welkom terug aan hierdie gawe familie uit Middelburg, KP

Mnr Willie Hallatt van Migdol. Gaaf dat u na al die jare besluit het om lid te word.

Mnr M van Niekerk uit die Noord-Kaap

Moet asb nie huiwer om enige Raadslid of die Tuli-Sekretariaat te skakel as u onseker voel oor enigiets of meer inlgting wil hê nie.

We also wish to welcome our new secretary Melanie Britz. A warm welcome to you Melanie. We look forward to working with you and feel sure you will do your best to promote the breed.

Upcoming Auctions

21 Maart 2011: ***Iets nuuts*** 'n **Internet veiling** aangebeid deur Cornelis en Albie Rautenbach, Nonnie- en Langlyfstoeterye

U kan deur die dag op die Internet aan die veiling deelneem en sal tot 4nm op die dag die geleentheid hê om botte wat reeds ingedien is te klop. Aanbod behels:
10 geregistreerde 2½ tot 3jr oud Tuli bulle
10 Geregistreerde koeie, dragtig of met kalf
10 Aanhangsel A koeie, dragtig of met kalf
2 Top beproefde bulle 5-6jr.

Vir meer inligting kontak vir Cornelis Rautenbach by 082 3714390

22 September 2011 - Dave Mullins & William Biggs, Great KarooTulis - Murraysburg

23 September 2011 - Johan van Rijswijk, Eira Tulis & PW Michau, Ven Tulis – Burgersdorp

12 October 2011 - Russell Clark, HBH Tulis - Dordrecht

13 October 2011 – Alwyn Marx, Alpha Omega Tulis – Burgersdorp

Veiling gekanselleer - Auction cancelled

Carmen en Stephan Welz het besluit om weens omstandighede buite hulle beheer hulle jaarlikse Produksie Veiling wat op 15 April sou plaasvind af te stel. Hulle volgende veiling sal definitief (D.V.) in April 2012 plaasvind.

Uitstekende veilingsresultate

Daar was in 2010 'n hele paar rekordbrekende veilings.

Geluk aan almal wie se stoutste verwagtings oortref is sowel as aan almal wie se mooi beeste teen meer redelik pryse verkoop is sodat ons soveel as moontlik Tulis daarbuite in die veld kan uitkry om al die kommersiële boere te oortuig dat hulle iets mis as hulle nie ook Tulis in hulle kuddes gebruik nie!

Waarom lede so skaam is om hulle veiling pryse aan die groot klok te hang weet ek nie! Dit kan tog nie wees dat mense nie hul veiling gemiddeldes bekend wil maak nie? Rekord pryse is alles goed en wel en beslis nuuswaardig maar op 'n manier skrik dit kopers ook af! As hulle weet dat daar darem diere verkoop is vir gewone pryse skep hulle moed dat hulle ook dalk 'n paar sal kan bekostig. Onthou, die Tuliwebwerf is daar om almal tot diens te wees en belangstelling in die ras te bevorder deurdat daar gedurig nuwe nuusbrokkies, fotos, ens op verskyn. Al wat u moet doen om veilinguitslae, fotos, ens op die Web te kry is om met Melanie by die Sekretariaat te skakel.

Lief en Leed/ Condolences

Ons kan net rapporteer oor gevalle wat onder ons aandag gebring is en as ek nie almal noem nie moet u my asseblief vergewe.

Our hearts go out to members who have lost loved ones. Here we think especially of the Mullins family who lost Lynn's mother recently.

Ellen Clark also lost her mother in the past year and we know it is a great sadness to the whole Clark family.

Bryan Harvey, son of the father of the Tulis – Len Harvey - and owner of the Lebar Stud in Zimbabwe died unexpectedly in the course of 2010. Unbeknown to us his wife Cherine was suffering from cancer and sadly died on 20 January 2011, a few days before the wedding of their son Devlin! We are extremely sad that all the Harveys, except for brother Don, who played such an important role in the development of the Tulis are now deceased. Cherine and her children were put off their farm within weeks of Bryan dying. This fact prompted them to dispose of the famous Lebar Herd very soon after. Hindsight now makes us realise that Cherine's declining health must have added to the urgency of the disposal of the herd – so sad!

Nog 'n groot hartseer is die afsterwe van Ron vd Merwe. Sy entoesiasme was aansteeklik en sy deursettingsvermoë oorweldigend. Ons harte gaan uit na die van der Merwe familie – veral Oom Ron se eggenote in Hermanus en Rikus en sy gesin in Britstown. Ons weet Ron het terugverlang plaastoe maar dit sou darem lekker gewees het as dit hom beskore was om nog so 'n paar jaartjies sy gholf in Hermanus te kon geniet het.

Peste en Plae

Die Groenes neem oor en min van hulle glo dat veeboere 'n stryd om oorlewing voer teen alles en nog wat. Vincent en Nellie Beukes word erg beproef deur al die wildplase wat hulle omring daar in die Bela Bela (Warmbad) omgewing en die verlies van kallers aan **ongediertes soos luiperds en jakkalse** is 'n groot kopseer! Hulle het hulle toevlug tot moderne tegnologie geneem en kameras geïnstalleer in die kamp waar koeie met klein kallers loop. Binne die eerste week wat die kamera in werking was het hulle 'n dief op heterdaad betrap. Op die foto kan gesien word hoe ta met 'n weekoud wit kalfie in die bek wegstap - 'n bruin-hïena wat, so word algemeen geglo, heeltemal onskuldig is aan sulke moordadigheid!

Bruin hiëna met Tulikalf

Veediefstal deur tweebenige diewe is nog meer frustrerend omdat dit so dikwels maak dat mens jou eie staf en selfs jou bure begin verdink en dis nie 'n aangename gevoel nie! Die Vermaaks (Haresia Stoet) van Stoffberg het onberekenbare skade gely toe 51 van hulle dragtige koeie soos mis voor die môreson verdwyn het. Hulle plaas is plek-plek taamlike onherbergsaam en hulle kry nie elke dag kans om die vee te kontrolleer nie. Toe hulle begin soek en niks vind nie – en nou, byna vier maande later steeds geen teken van die beeste opgespoor het nie moes hulle hulle maar met die groot verlies versoen. Geen spore, geknipte drade of enige leidrade tot op hede nie! Geluk by die ongeluk is dat dit darem nie die Tulis is wat gesteel is nie maar kommersiële koeie! Ons innige simpatie, aan die hele Vermaak familie! Van so 'n slag herstel mens moeilik!

Nearly all of us have **lost cattle due to lighting** but Wilna Ackhurst, who farms on the cold, high ridges outside Belfast has probably lost more animals than most – ten sale bulls on one occasion some 6years back but on average three or four animals every year. Deaths by lightning have been in the news regularly this summer and many experts have been discussing the phenomena and giving advise:

Only 30% of all lightning actually strikes the earth – the rest happens within clouds and from one cloud to another. Although it is seriously alarming to note that at the height of the summer rainfall season more than a million bolts of lightning strike South Africa per month keep in mind that that is only 23% of the strikes that hit a small village called Kifuka (most struck in the world) in the DRC. Pity them!

Lightning bolts are known to travel horizontally for 30km or more before striking the ground. That means any storm that can be seen on the horizon, or heard to growl, is a potential killer. South Africans spend a lot of time outdoors and not always by choice. Travelling on foot or working in flat fields mean many are caught far from shelter when storm clouds gather.

Many more find themselves in informal or traditional dwellings, which provide little protection from lightning. Thatch roofs tend to catch fire when massive amounts of electricity are poured into them, while lightning can spark from corrugated iron shed walls to a human body. Interesting too, is the fact that a column of smoke from a cooking fire or 'braai-lapa' together with the rising heat produced by the fire act like a lighting rod and actually attracts lightning. Another reason why rural areas record more deaths from lightning is the fact that they lack the underground network of pipes and wires that make city ground such a good, and safe, conductor.

When lightning hits the earth its energy radiates away from the impact point, with the electrical charge dissipating as it goes. Put two or more objects in that line of travel but a small distance apart, say the two legs of a human or the four of an animal, and the juicy flesh in between becomes the easiest path of travel for an electrical current. Electrical engineers refer to this as step potential. If you are caught out of doors in a storm it is advised that you make yourself as small as possible by hunkering down flat and keeping your 'footprint' compact to avoid the step potential – sadly this advice won't help our four-legged animals!

Then there is the streamer effect: The most common lightning we see, about 90%, is negative-downward lightning. There is a negative charge that travels down towards earth,

moving under its own steam in the classic zigzag pattern. According to Ian Jandrell from Wits, it is invisible until it makes contact with the earth, and we get the flash. As it gets close to the earth, positive streamers start going upwards to connect to it. Objects such as trees, pylons, people and animals reach out to that charge on its way down from the clouds (one hears someone saying – "I felt my hair stand on end") Think of it as a race in which the bodies of people and animals participate. If the positive streamers emanating from them loose the contest it collapses back into their bodies -- with nasty consequences.

Like step potential, the streamer effect can kill entire groups near a strike, and higher surrounding structures don't always afford protection. One of Wilna's neighbours had four sheep struck dead by lightning – he was upset by the original loss but horrified when two months down the line more than fifty of his pregnant ewes, who had been in the vicinity of the deadly strike gave birth to dead lambs or died themselves because of birth complications!

As can be seen from the above conventional wisdom about how to avoid getting struck and where you would be safe unfortunately does not always work.

BLUPTEELWAARDES 2011

Data word end Mei van die Stelsel afgetrek om die Blupteelwaardes te kan bereken voor end Junie. Terwyl die proses aan die gang is kan geen nuwe data opgelaai word nie. Maak asb seker dat al u kalfgeboortes en veral prestasiedata so gou moontlik ingedien word sodat die Blupteelwaardes so betroubaar moontlik kan wees.

Sommige van u het onlangs kennnisgewings ontvang van diere wie nie voldoen aan sekere minimum Rasstandaarde vir Reproduksie/ Breed Standards for Reproduction nie. Ons doen 'n beroep op u om al die betrokke diere se rekords na te gaan en seker te maak dat alle data tov hulle op die stelsel is en vertoë te rig indien daar goeie redes is vir die feit dat hulle buite die norme val. Die fout lê al te dikwels by die teler en nie die dier nie. Diere wie steeds buite die norme lê op 28 Februarie sal outomaties gekanselleer word.

Back into Africa - Completing the Circle

A group of 11 Tuli bulls left South Africa on 23 November 2010, headed for Zambia. After and exhausting journey of more than 1700km they finally arrived safely on the farm Millimani Estates at a place called Landless Corner about 70km north of Lusaka. Five bulls belonging to Stephan and Carmen Welz, five bulls belonging to Vincent and Nellie Beukes and one bull belonging to Wilna Ackhurst were bought by four Zambian Breeders and a Consortium. After four weeks in quarantine at Embryo Plus in Brits they left South Africa, crossing the Limpopo at the Groblersbrug Custom's Post into Botswana. Authorities in Zambia would not allow the animals to travel through Zimbabwe, the most direct route, because of animal health issues in that unfortunate country. Travelling north through Botswana via Francistown and Nata they finally crossed the Zambezi into Zambia at the Kazungulu Ferry. Fifty-five hours after leaving Brits they were safely offloaded on Megan Landless's farm for another period of in-house quarantine They were all pretty hollow looking by that time, took a few hasty bites of grass and then made a beeline for the water.

We are delighted that our animals have gone back north into Africa to replenish the Tuli genetics in Zambia - in a manner of speaking, completing a circle started in the 70's with the first exports south from Zimbabwe to South Africa. Megan's husband Ron started farming with Tulis many years ago and when he died she decided to continue with the Tuli's as a tribute to his memory. Chris and his brother Phil Rogers were involved with Tulis in Zimbabwe for many years. Tulis from their Koce or HT (also incorrectly known as HYNO; HYLO; etc Stud) were amongst the first imports to South Africa and were also imported for our joint National Sales in 1997, 1998 and 1999. Like so many others they lost their farm to landgrabs and Chris now lives in Zambia while Phil is in Botswana. Malcolm Ross is a new breeder who became involved with Tulis through the infectious enthusiasm of both Megan and Chris. Some of their neighbours have also bought some of the bulls and we wish them all the best of luck.

Their tenacity and resolve in embarking on this Import venture can only be attributed to the old saying 'fools rush in where angels fear to tread. The problems and ramifications presented by such a venture boggles the mind – and I speak from personal experience! Hats off to all of them for persevering but especially to Chris Rogers who had to cope with most of the logistics.

Tulis on the ferry crossing the Zambezi at Kazungulu in Botswana

Tuli bulls having their first taste of sweet Zambian grass

New arrivals on Millimani ranch, Landless Corner, Zambia

Prestasie toetsing – Performance testing

'n Klein bietjie advies

Wanneer u u speengewigte deurstuur na die LNR is dit belangrik om die volgende te onthou: Die gewigte van kallers van eerste kalf verse en koeie tot en met vyf jaar oud word aangepas met soms soveel as 14kg. Koeie tussen 5 en 10 jaar oud se kalf gewigte word glad nie aangepas nie en dan word koeie ouers as 10 jr se kallers weer effens bevoordeel. Met dit in gedagte kan mens kies om jou eerstekalf verse in 'n aparte groep te verdeel. Jy kan dan natuurlik ook jou 5-10jr oud koeie in aparte groepe indeel. Onthou ook dis baie belangrik om diere wat dieselfde behandeling gekry het saam te groepeer bv, 'n groep koeie wat in 'n bergkamp gewei het se kallers moet liefs saam in een groep wees terwyl 'n ander groep wat byvoorbeeld op aangeplante weiding geloop het se kallers weer in 'n ander groep ingedeel moet word. Hier is daar egter 'n baie belangrike voorwaarde en dit is dat groepe nie te klein moet wees nie – indekse van groepe kleiner as 10 diere se betroubaarheid kan met soveel as 60 persent afneem.

Ricardo Martinez uit Argentinië

Tussen Maart en Junie 2010 het lede van die Genootskap vir Ricardo Martinez op hulle plase ontvang. Soos in die Joernaal berig was Ricardo, 'n jong veearts, op besoek aan Suid Afrika vanweë sy belangstelling in Tulis. Die Katolieke Universiteit van Cordoba waar hy studeer het, is van die voorste instansies in Argentinië wat navorsing oor die Tuli gedoen het. Hulle het dan ook 'n kruisbeesras, die San Ignatio, ontwikkel met die Tuli as belangrike komponent. Sy besoek het vir ons heelwat publisiteit gebring in bv die Landbou Weekblad en Ricardo het ook fluks gehelp by die Tuli stalletjie by Nampo. Hy het by 'n paar geleenthede 'n interessante Powerpoint aanbieding gedoen en sy innemende persoonlikheid het almal wat hom ontmoet het bekoor. Net waar hy gegaan het het ons lede hom uit die boonste rakke getrakteer en ons wil net weereens almal wat betrokke was van harte bedank. Op verskeie plase het hy homself nuttig gehou waar hy kon en het 'n groot verskeidenheid Tulitipes onder elke denkbare boerdery kondisie gesien. Verdere hoogtepunte van sy toer, volgens hom, was 'n besoek aan die Krugerwildtuin, die geleentheid om by twee telers vir die eerste keer 'n bok te kon plattrek en 'n paar trofee horings terug te neem Argentinië toe en dan veral om die bakermat van die Tulis te besoek. Hy was nou wel nie in Zimbabwe nie maar in die Tuliblok in Botswana by die baken op 'n eilandjie in die Limpopo waar die drie lande, Suid Afrika, Botswana en Zimbabwe bymekaar kom - die area waar ons Tulis se voorsate in alle waarskynlikheid vandaan gekom het (Sien ook die artikel in verlede jaar se Joernaal oor Mapungubwe).

Ricardo op die Limpopo

Stephan Welz en Ricardo in die Tuliblok

Jaarvergadering

Ons AJV vind op 29 Maart plaas in die Raadsaal by Stamboek in Bloemfontein. Wend asb 'n spesiale poging aan om dit by te woon. Die Genootskap se finansies is nie gesond nie en bemarking van ons ras word ernstig hierdeur gekortwiek. Ons fooie is die laagste van al die beesrasse en drastiese verhogings word beplan om ons fooie struktuur in lyn te bring met ander rasse s'n. U insette sal waardeer word. Sien u daar!

Our AGM takes place on 29 March in the Board Room at SA Studbook in Bloemfontein. Please make a special effort to attend. The finances of the Tuli Society are not healthy and further marketing of our breed is severely hampered by a shortage of funds. Our fees are the lowest of all the breeds and a drastic increase is necessary to bring us in line with what is charged by other Breed societies. Your input will be appreciated. See you there!